| 21 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



**SONDAG 23 AUGUSTUS 2026 SE EREDIENSTE:**

| 08:00 | 09:00 | 10:00 |
|---|---|---|
| **Kuierkerk** | **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Dr Nico Mostert | Ds Geo de Kock | Dr Nico Mostert |

LIG | DEERNIS | HOOP




LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*welkom*

**NUWE INTREKKERS**

by ons in die NG Gemeente Kogelberg.
Kom maak asseblief 'n draai by die kerkkantoor of gee jou kontakbesonderhede vir een van ons dienswerkers of wyksouderlinge.
Ons sal jou graag wil besoek!

## “Maak mense My dissipels” – ons maak die sprong!

**Ontbyt-gesprek, Saterdag 22 Augustus (08:00 – 12:00)**

Die geleentheid word geopen deur dr. Nico Mostert van Vennote in Getuienis, Vrystaat-sinode. Dan volg die ontbyt.

Ná ontbyt lei dr. Nico en ds Theuns Henn (ETS) die gesprek oor
**Dissipelmakers plaaslik en wêreldwyd**

ooOOoo

## Getuienis-Sondag 23 Augustus



*Om dissipels te wees, beteken om op Sy opdrag te antwoord*

8-uur Kuierkerk, 10-uur Kleinmondkerk
Dr. Nico Mostert, Bloemfontein
**Maak dissipels wêreldwyd**

9-uur Hangklipkerk
Ds Geo de Kock, Feba Radio
**Maak dissipels wêreldwyd**

# Deuroffers

## Sondag 23 Augustus




## Sondag 30 Augustus



# Program vir die week 23- 30 Augustus 2026

## Sondag 23 Augustus

***17:00***

Kogelberg Kids (Kerksaal)

## Maandag 24 Augustus

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

## Dinsdag 25 Augustus

***09:00*** Hangklip Gebedsgroep

***09:00*** Projekte-komitee (Kapel)

***16:30*** Kleinmond Gebedsgroep

## Woensdag 26 Augustus

***17:00*** Dissipelskap Reisgenote (Hangklipkerk)

***18:30*** Dissipelskap Reisgenote (Kleinmondkerk)

## Donderdag 27 Augustus

***06:00*** Mannegroepe vergader die week by Hangklip

***10:00*** Kerkkantoor in Hangklip

***18:45*** NG/VG Skakelbyeenkoms (TYD)



# Kogelberg Kids

23 Augustus 2026

17:00

Kerksaal

**Behoort | Bid | Leer | Dien**



Hangklipkerk Bettysbaai

# MANDJIE-EN-MUSIEKAAND

**R60 P/P**

Datum: 28 Aug

Tyd: 18:00 pm

**Wolf se boeretroos is gratis. Bring jou eie beker.**

Bring jou eie mandjie eetgoed en drinkgoed, eie eetgerei, kampstoel, kamptafel en koffiebeker.

**Kom eet en sing saam met die Vrolike Musikante Orkes**



Ons is op soek na

# PERSONE

## WAT KAN HELP MET
## EKSTRA KLASSE




**VIR HOËRSKOOL LEERDERS**

## GR. 8, 9 EN 10

**AFRIKAANS** | **WISKUNDE** | **WETENSKAP**

Indien jy tyd het en kans sien om te help, sal jou bydrae baie waardevol wees.



## KONTAK ASB. VIR JOKE
by die Kerkkantoor.

Dankie dat jy 'n verskil wil maak!

# Dinsdag 25 Augustus




## Projektekomitee

Dinsdag 25 Augustus
09:00 in die Kapel



# Woensdag 26 Augustus




# Donderdag 27 Augustus

Die Kerkrade van die VGK Kleinmond en NGK Kogelberg
kuier saam op Donderdag 27 Augustus om 18:45
in die TYD-kuierruimte by Kleinmondkerk



## Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...

Maryna Loubser (Sb1) met die afsterwe van haar broer, Jaap van Deventer. Jaap was vir jare 'n lidmaat van ons gemeente (Bettysbaai).




HOU DIE DATUM OOP
ERFENISDAG
BRAAIFEES
BRAAIVLEIS • LEKKER MUSIEK • KUIER SAAM
24 SEPTEMBER
12:00 - 15:00
NG KERKSAAL

# Vyftien vroue vier 'n betekenisvolle Nagmaal by Hangklipkerk

Die vrouekampers van NG Kerk Kuilsrivier, vyftien in totaal, het Sondagoggend, 9 Augustus, hul retraite by Disakloof afgesluit met 'n Nagmaaldiens wat deur ds Theuns Henn gelei is — 'n geestelike hoogtepunt wat hul naweek van verdieping en verryking bekroon het.



# Gemeenskaps-
# DAGBOEK







***Kontak Bennie (066 178 1807) vir meer inligting!***

# Veels geluk!

## Saterdag 22 Augustus

Salome de Bruyn 079 434 0229 (PM5)
Sarel Engelbrecht (HK1)
Lize Small 072 490 3875 (HK3)

## Sondag 23 Augustus

Margaret Bergh 072 401 4632 (Sb1)
Pierrè Joerdens 082 922 2312 (Sa2)

## Maandag 24 Augustus

Hugo Alberts (Ba1b)
Thomas Bolton 082 920 8230 (HK3)
Thys Bosman 082 564 7724 (Sc2)
Wilma Emmenis 082 875 5678 (Sb3)
Louis Muller 082 056 4529 (KB5)
Ben Olivier 083 277 3366 (Sa3)
Ruaan van den Berg 082 807 1742 (Ba3)

## Dinsdag 25 Augustus

Beth de Villiers (Sa4)
Ria Guelpa 073 845 4407 (Ba1b)
Dirk Reitzema 072 216 3926 (BB3)
Erhard van Wyk 082 972 0077 (Bb2)
Gert van Wyk (Bb2)

## Woensdag 26 Augustus

Ansie Bronkhorst 082 817 2850 (PB2a)
Johan Burger 083 443 2898 (BB1a)
Mariaan Coetzee 082 296 6806 (Sa2)
Marianne Gouws 083 556 3817 (BB5)
Magda Loubser 082 890 3238 (Sa4)
Karin Marais 079 694 8658 (Sa4)
Annalise Nieuwoudt 082 550 5946 (PB1)
Nellis Zaaiman 084 587 4692 (Sb1)

## Donderdag 27 Augustus

Jeanette Hickley 073 174 0515 (PM2)
Karah Venter (HK3)
Rinze Wouda 084 558 0827 (BB2)

## Vrydag 28 Augustus

Willie Brink 082 955 8634 (Bb4)
Liz Jansen van Rensburg 082 876 3293 (Sb3)
Ans Pieterse 082 825 7442 (KB2)




**1. Gesels bietjie saam...**

- Watter persone het ’n belangrike invloed op jou lewe gehad het?
- Wat het daardie persoon gedoen wat ’n verskil aan jou gemaak het?
- Vertel vir die groep van iemand wat jou op ’n besondere manier gehelp het om Jesus beter te leer ken?
- Wat het hierdie persoon gedoen wat jy vandag nog onthou?
- Jesus het sy dissipels nie net geleer deur vir hulle dinge te vertel nie. Hy het saam met hulle geleef — saam geëet, geloop, gepraat, vrae beantwoord, hulle reggehelp, aangemoedig en herstel wanneer hulle geval het. Wat sê dit vir julle oor hoe geloof van een mens na ‘n ander oorgedra word?

**2. Ons storie nou...**

- Ons praat maklik van “sending” as iets wat iewers ver van ons af gebeur, maar ons het opnuut weer besef dat ons almal ‘n “sendingveld” het:
  - Vir sommige is dit die kombuistafel.
  - Vir ander die kantoor, plaas, fabriek of skool.
  - Vir ander is dit eenvoudig die straat waarin hulle woon.
- Waar is die plekke waar God jou tans geplaas het? Wie is die mense met wie jy gereeld kontak het?
- Is daar iemand met wie jy tans ’n verhouding het wat volgens jou dalk ’n bietjie nader aan Jesus kan groei?
- Wat maak dit soms moeilik om met iemand oor geloof te praat?
- Het iemand al ooit met jou oor Jesus gepraat op ’n manier wat jou nader aan Hom gebring het?
- Wat was dit aan die persoon se manier van doen wat dit vir jou maklik gemaak het? verander wanneer geloof nie net iets is wat ons glo nie, maar iemand wat ons volg?

**3. God se storie...**

Lees saam Matteus 28:18–20

- Wat tref julle eerste wanneer julle hierdie gedeelte lees?
- Die opdrag om dissipels te maak, begin by Jesus wat sê: “Aan My is alle mag gegee...” Die Groot Opdrag begin nie met “Gaan maak dissipels nie”!
- Voordat Jesus sê: ‘Gaan’, sê Hy eers: ‘Ek regeer.’”
- Hoe verander dit ons verstaan van getuienis wanneer ons besef dat ons nie in ons eie naam gaan nie, maar in die Naam van Jesus?
- Waarvoor is jy bang wanneer jy dink daaraan om jou geloof met iemand anders te deel?
- Hoe kan die waarheid dat Jesus alle gesag het jou help met daardie vrees?

- Let op dat Jesus nie sê dat ons "bekeerlinge" moet maak nie. Ook nie dat ons "kerklidmate" moet maak nie. Hy sê: "Maak dissipels..."
- Geloof en om in 'n verhoudinge met God te leef is dus nie net 'n eenmalige besluit nie, maar 'n lewenslange verhouding waarin ons leer om Jesus te ken, lief te hê en te gehoorsaam.
- Gesels saam:
  - Wat dink julle is die verskil tussen iemand wat bloot "'n Christen" genoem word en iemand wat doelbewus 'n dissipel van Jesus is?
  - Hoe lyk dissipelskap in 'n gewone week?
- Dissipelskap gebeur in verhoudinge. Jesus het drie jaar lank saam met sy dissipels geleef. Hy het hulle vrae beantwoord; hulle foute reggestel; hulle aangemoedig; hulle herstel wanneer hulle geval het.
- Wat leer ons hieruit oor die tyd en geduld wat nodig is om iemand geestelik te begelei?
- Is die manier waarop geloofsvorming in ons gemeente gebeur genoeg gefokus op verhoudinge? Wat doen ons reeds goed? En waar kan ons nog groei?
- Wat beteken Jesus se belofte dat "Hy met ons is al die dae" vir jou persoonlik?
- Hoe sou jou bereidwilligheid om oor Jesus te praat verander as jy werklik glo dat Hy saam met jou is?

**4.Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Ons het nou van ons storie na God se storie beweeg. Maar wat gebeur wanneer God se storie ons eie storie begin verander?
- Waar hoor jy vandag Jesus se "Gaan" in jou eie lewe?
  - Nie waarheen moet ander mense gaan nie.
  - Waarheen stuur Jesus vir jóú?
- Wie is een persoon wat die Here dalk tans op jou hart plaas?
- Wat kan jy hierdie week doen om doelbewus nader aan hierdie persoon te beweeg?
- 'n Lewe van dissipelskap begin dikwels met 'n opregte belangstelling, volgehoue gebed en 'n lewe wat Jesus weerspieël.
- Een dissipel maak 'n ander dissipel. Gesels oor die stelling: "As elke lidmaat van ons gemeente net een persoon doelbewus begin begelei om nader aan Christus te groei..."
  - Hoe sou ons gemeente verander as elkeen van ons een persoon gehad het vir wie ons doelbewus bid en begelei?
  - Wat sou anders wees in ons gesinne, ons jongmense, ons kleingroepe, ons gemeente en ons gemeenskap?
- Laat elkeen die volgende sin voltooi: "Omdat Jesus my stuur en belowe dat Hy met my is, gaan ek hierdie week..."
- Wat is een ding wat jy uit vandag se gesprek saamneem wat jy nie wil vergeet nie?

**5. Sluit af met geleentheid vir gebed...**

Bid saam vir elke persoon wat op julle harte gelê is en die moed om gehoorsaam te wees. "Here Jesus, maak ons nie net mense wat U volg nie, maar mense deur wie ander U ook leer ken."

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag - Matteus 28:18-20
- Dinsdag - Psalm 26
- Woensdag - Matteus 16:13-28
- Donderdag - Romeine 12:1-8
- Vrydag - Romeine 12:9-21